OEFENING VAN DIE WEEK:	In hierdie week, probeer om ten minste 3 van jou joernaal tye in die gemeenskap te beoefen (jy kan kies waar / of julle kan dit in groepe van 2 saam beplan). Ons gaan ook daagliks in die verskillende plekke van ons gemeenskap bid, "Laat U koninkryk kom, Laat U wil geskied in die hemel ook hier in ons gemeenskap".

Dissipelskap avonture - WEEKLIKSE GROEPSRITME
Sessie 6 van 10: Die boom ritme, hoe is ons 'n seëning in hierdie gemeenskap?

I. OPENING

Die fasiliteerder vir hierdie week vra die groep om die opening hardop saam te lees.

Tydens hierdie leerervaring vergader ons om saam te onderskei en eksperimenteer wat dit beteken om as missionale dissipels gevorm en gestuur te word. God roep, versamel, vorm en stuur ons om deel te neem aan die avonture van die koninkryk. Ons glo elkeen in die groep het iets om by te dra, en dat die Heilige Gees reeds besig is met elke persoon. Hierdie is 'n spasie om te treur saam met die wat treur, en blydskap te deel met die wat blydskap ervaar. Ons glo ons rol is om opreg te luister, oop vrae te vra en mekaar te ondersteun en aan te moedig. Ons is toegewyd om aktief aan hierdie leerervaring deel te neem.

II. WORD TEN VOLLE TEENWOORDIG

Nooi die groep om die volgende gebed staande in julle gemeenskap te bid. Na die laaste persoon gebid het, gee die fasiliteerder twee minute se stilte sodat lede die sin kan voltooi.

Bid die volgende gebed saam (een vir een hardop):

Here, U is ons Drie-enige God - U het ons in hierdie gemeenskap geplant. U is reeds besig om U koninkryk hier uit te brei. Help ons om U koninkryk hier te soek. Maak ons oë oop om te sien wat U sien.

Na die hardop gebed, vra elke groepslid om die volgende sin te voltooi: Laat U wil geskied hier in ons gemeenskap, laat U koninkryk kom in ons gemeenskap _____.

III. ONS LUISTER NA MEKAAR

*Nooi die groep om **slegs een** van die volgende vrae te beantwoord.*

Wanneer het die Here jou na hierdie gemeenskap gestuur? Wat maak jou opgewonde oor hierdie gemeenskap? Wat maak jou hartseer oor hierdie gemeenskap? Wat is die geskenke wat hierdie gemeenskap besit? Watter woorde sal jy gebruik om hierdie gemeenskap te beskryf? Hoe dra jy by tot hierdie gemeenskap se groei en gesondheid?

IV. ONS KYK TERUG

In hierdie deel van ons ontmoeting reflekteer ons op die oefening en ook die week wat verby is. As lede nie die oefening gedoen het nie, skep 'n bemoedigende maar tog uitnodigende atmosfeer.

OEFENING VAN DIE WEEK:	In hierdie week, probeer om ten minste 3 van jou joernaal tye in die gemeenskap te beoefen (jy kan kies waar / of julle kan dit in groepe van 2 saam beplan). Ons gaan ook daagliks in die verskillende plekke van ons gemeenskap bid, "Laat U koninkryk kom, Laat U wil geskied in die hemel ook hier in ons gemeenskap".

Wat het in jou joernaal tyd vir jou uitgestaan? Hoe het jy die skryf van jou lewenstorie ervaar? Hoeveel uit 10 sal jy jou week gee en hoekom? Waarvoor is jy dankbaar? Wat was vir jou moeilik?

V. ONS LEES EN LUISTER SAAM (Wandel in die Woord)

Die fasiliteerder lees die skrifgedeelte en aanhaling hardop , laat 'n rukkie stilte toe na die voorlesing. Vra iemand anders om na die stilte die teks en aanhaling weer te lees. Breek dan die groep op in pare om te wandel in die Woord. Na 6 minute deel die groep wat hulle by hul vriendelike vreemdeling gehoor het in die groot groep.

Skrifgedeelte: *Jeremia 29:4-11*

We are gifts individually, but we are also a collective gift. If your church is not seeking the welfare of the city, it is not living out its puzzle piece. One of the questions we have to ask repeatedly is, Who will miss our church if we are not in the neighbourhood? I am not wondering how the people in your church would answer this question. What would the people in your community miss? Tom Smith, Raw spirituality

Watter gedeelte(s) staan vir jou uit? Watter gedeelte bemoedig jou? Watter gedeelte ontstel jou? Watter vrae het jy oor hierdie gedeelte?

VI. GEMEENSKAPSVRAE

In hierdie week deel ons die groep in kleiner groepe op om die Gemeenskapsvrae te bespreek (Dit is aan die einde van die bladsy).

Deel die groep in 2's en deel dan die vrae in die groep op (onder aan die bladsy IX). Gee die groep 10 minute om die vrae te ondersoek en gee dan geleentheid vir die groep om terugvoer te gee in die groter groep. Dit mag wees dat hierdie vrae in die volgende week verder ondersoek kan word.

VII. ONS KYK VORENTOE

Die fasiliteerder verduidelik die Oefening bo aan die bladsy. Daarna sluit ons af met die oefening en seën gebed.

Wat het uitgestaan vir jou van die gesprek? Het jy tot enige ander insig gekom? Is daar enige ondersteuning wat jy benodig van die ander groepslede?

VIII. OEFENING EN SEËN GEBED

Die fasiliteerder verduidelik die Oefening bo aan die bladsy. Daarna sluit ons af met die oefening en seën gebed.

Here, U het in U kreatiewe genade elkeen van ons as unieke geskenke gevorm. Leer ons om te dien, as geskenke uit U hand, tot U eer. Amen.

IX. BUURT / GEMEENSKAPSVRAE:

OEFENING VAN DIE WEEK:

In hierdie week, probeer om ten minste 3 van jou joernaal tye in die gemeenskap te beoefen (jy kan kies waar / of julle kan dit in groepe van 2 saam beplan). Ons gaan ook daagliks in die verskillende plekke van ons gemeenskap bid, "Laat U koninkryk kom, Laat U wil geskied in die hemel ook hier in ons gemeenskap".

1. Wat is die bakens in die buurt en wat vertel dit ons oor die woonbuurt/gemeenskap?
2. Wat is die mense in die buurt/gemeenskap se vrese? Hoe word dit in hierdie buurt/gemeenskap uitgedruk?
3. Wat is die buurt/gemeenskap se hoop en drome?
4. Wie word as die suksesvolle mense in hierdie buurt/gemeenskap geag? Hoekom word hulle as suksesvol beskryf?
5. Watter vakansiedae word die meeste in hierdie buurt/gemeenskap gevier?
6. Hoe spandeer mense hulle geld, tyd en talente in hierdie buurt/gemeenskap?
7. Hoe skakel die burgers van hierdie buurt/gemeenskap met die owerhede se leierskap?
8. Waar is die gemeenskaplike spasies in die buurt/gemeenskap waar mense kan speel en sosialiseer na werk?
9. Hoe sien mense die kerke in hierdie omgewing? Hoeveel kerke is daar?
10. Wie is die onsigbare of uitgewerpte mense in die buurt/gemeenskap?
11. Wie is die mense met die meeste mag/die dominante mense in die buurt/gemeenskap?
12. Is hierdie buurt/gemeenskap gefokus op die gemeenskaplike of die individualistiese? Hoekom?
13. Wie is die mense wat in hierdie buurt/gemeenskap hulle beywer vir die "common good"?